

**OPDRAG:** Lees die kort artikel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:

**Charles Goodyear se uitvinding: Duursame rubber**

1. In die vroeë 1800's het Amerika dol oor rubber geraak.
2. Dat enige rubberding naby hitte in 'n taai bal verander en kraak as dit koud word, was sy grootste probleem.
3. Charles Goodyear wou van natuurlike rubber 'n stof maak wat uiterste hitte en koue sou kon weerstaan.
4. In 1839 het Charles 'n nuwe plan bedink.
5. Charles het swaer by die rubber gevoeg. Hy het die stof se eienskappe verander.
6. Toe gaan wys hy sy nuwe mengsel vir 'n plaaslike algemene handelaar.
7. Mense het gedink sy idee is verspot en het vir hom gelag.
8. Charles het kwaad geword en woest met sy hande beduie terwyl hy op hulle geskree het.
9. Die rubber het op 'n stoofplaat wat warm was, geval.
10. Hy het gedink die mengsel sal 'n klewerige klont vorm.
11. Maar toe is dit iets wat so hard soos leer is en wat nog steeds elasties is.
12. Dit was ge vulkaniseerde rubber - die soort sagte rubber wat ons vandag gebruik vir allerhande produkte van waterdigte stewels tot fietsbande.
13. Charles se humeur was die sleutel tot 'n groot uitvinding.
14. Hy het per ongeluk sterk, duursame rubber ontdek.

**Bron:** Effens verwerk uit *National Geographic Kids*, Augustus 2014

1. Skryf sin 1 oor en begin die sin met die onderwerp. (1)
2. Skryf sin 2 se hoofsin neer. (1)
3. Sin 3 is 'n saamgestelde sin. Watter soort bysin is die onderstreepte gedeelte van sin 3? (1)
4. Watter van die volgende dele van 'n enkelvoudige sin merk jy in sin 4 op:
  - 4.1 bywoordelike bepaling van tyd (1)
  - 4.2 byvoeglike bepaling (1)
  - 4.3 onderwerp (1)
  - 4.4 indirekte voorwerp (1)
  - 4.5 indirekte voorwerp (1)
5. Verbind die enkelvoudige sinne by 5 tot 'n vloeiende eenheid wat maklik lees. (1)
6. Skryf die volgende dele van sin 6 neer:
  - 6.1 direkte voorwerp (1)
  - 6.2 indirekte voorwerp (1)
7. Herskryf sin 7 sodat dit 'n enkelvoudige sin met dieselfde betekenis is. (1)

## AFRIKAANS HUISTAAL 13 – 17 JULIE 2020

8. Kies elke keer die woord tussen hakies wat die stelling waar sal maak:  
Sin 8 is 'n (8.1 saamgestelde/enkelvoudige/veelvoudige) sin met (8.2 twee hoofsinne/twee hoofsinne en 'n voorwerpsin/drie hoofsinne). Die hoofsinne word almal verbind deur 'n (8.3 voegsel/betreklike voornaamwoord/voegwoord) te gebruik. (3)
9. Reduseer sin 9 tot 'n enkelvoudige sin. (1)
10. Sin 10 is 'n saamgestelde sin met 'n hoofsin en 'n bysin. Skryf die hoofsin en bysin neer en benoem dan ook die bysin. (3)
11. In sin 11 word baie ekstra inligting aan die leser deurgegee in die vorm van bysinne wat veroorsaak dat die sin baie moeilik lees. Skryf die sin oor en verkort die inligting wat in elke bysin gegee word tot 'n bepaling of frase. Onderstreep alle vranderinge wat jy aanbring. (2)
12. Skryf al die gesegdes wat in sin 12 voorkom neer. (2)
13. Skryf die onderwerp van sin 13 neer. (1)
14. Verwerk die onderstreepte beskrywende deel in sin 14 tot 'n beskrywende bysin sonder om die betekenis van die sin te verander. Skryf die hele sin uit en onderstreep die verandering wat jy aanbring. Benoem ook die beskrywende deel wat jy uitdink. (2)
15. Skryf 'n bywoordelike bepaling uit sin 14 neer en sê ook watter soort bywoordelike bepaling dit is. (2)
16. Skryf enige onderwerpsin wat jy in hierdie teks raaklees neer. (2)

**[30]**

---